

Vrydag 20 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5:1-13

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:13; HK Sondag 31, Antwoord 85

Die doel en betekenis van die tug

Die kerklike tug of sensuur word toegepas op diegene wat nie van hulle sondes wil afsien nie, maar daarin volhard. Die hardnekkige sondaar wat nie na al die vermanings wil luister nie, maar aanhou om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here, is 'n voorwerp van die kerklike tug; ook hy wat skaam-teloos voortgaan om Christus se geboorte te minag en só toon dat hy Hom nie liefhet nie. Van elke sodanige persoon sê Paulus dat hy vervloek is (1 Kor. 16:22). Dit beteken dat so 'n persoon beskou moet word as een op wie die vloek en oordeel van God rus. Hierdie oordeel van God word onder andere in die kerklike tug geopenbaar.

Die *doel* van die kerklike tug is om die gemeente heilig te hou. Daarom sê Paulus: “Verwyder die slegte mens onder julle uit.” Almal wat weier om hulle van hulle sondes te bekeer, moet uit die gemeente verwyder word sodat hulle nie ander gemeenteliede ook tot sonde verlei nie (vgl. 1 Kor. 5:7). Trouens, as daar nie teen so 'n persoon opgetree word nie, kan die ander lidmate die in-druk kry dat daar niks verkeerd is met die handelswyse van die sondaar nie, sodat hulle verlei word om dieselfde te doen. Daarom *moet* daar met die kerklike tug teen so 'n persoon opgetree word.

Die kerklike tug het egter nie net 'n *negatiewe doel* om mense wat in hulle sondes volhard, uit die kerk en uit die koninkryk van God uit te sluit nie. Dit het ook 'n *positiewe doel*, naamlik die redding van die sondaar. Deur die tug moet die persoon tot insig gebring word om sy sonde te kan verstaan. Dit dien om mense in liefde daartoe te bring om van hulle sondes af te sien, vergewing daarvoor by Christus te soek, sodat die vloek van God nie op hulle rus en sy oordeel hulle deel word nie. So is die tug 'n liefdesmaatreël tot behoud van die sondaar.

Die *betekenis* van die tug is volgens die Kategismus dat die betrokke persoon uit die Christelike gemeente en deur God self uit sy koninkryk uitgesluit word. Om uit die koninkryk van God uitgesluit te word, beteken om vir die ewige straf bestem te word.

Ons moet nie vra waar die kerk daaraan kom om oor sulke ingrypende sake te besluit nie. Jesus Christus self het dié mag aan die kerk toevertrou toe Hy aan Petrus en deur hom aan die dissipels en sy kerk gesê het: “Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly” (Matt. 16:19; vgl. Joh. 20:23). Daarom kan die persoon wat uit die kerk uitgesluit is, weer in die kerk opgeneem word as hy hom opreg bekeer.